Ps. 81: 1, 11, 12 **Die Noodsaaklikheid v Gebed.** K | B. Oos 24 Okt 54
Patch. 7 Sept 58

Ges. 78: 1, 4
" 50: 4

1 Kon. 18: 36-46 (S 45).
Luk. 18; 1-8

54

1 Kon. 18:42 Ek meen so dat almal van u (1 K v/m) 'n Ges. boek in hande het waarin die H.K. volledig gedruk is - dan sou ek u wou vra om dit oop te slaan by die 45 ste Sondagsafdeling (wat handel oor die gebed) en by name Vr. 116 wat so lui:

Vr: „Waarom is die gebed vir die Xtene nodig?"

Antw: „Omdat dit die vernaamste deel van die dankbaarheid is wat God van ons vorder, en omdat God sy genade en die Heilige Gees alleen aan diegene wil gee wat Hom met hartlike sugte sonder ophou daarom bid en daarvoor dank"

Vandat ons ons aandag by hd. vr. v antw. bepaal wil ek u ons daarop wys dat die afdeling oor gebed direk volg na die afd. oor die gebod (Die vorige 10 Sondagsafdelinge handel almal oor die 10 Gebooie as deel v. Gods gebod.) Nou vra u miskien: Maar wat het Gods gebod dan met gebed te doen? Drop antw. ons: Dit - dat maar iemand Gods gebod ernstig opneem lei dit altyd tot gebed! Hoe meer ons d. volmaaktheid van Gods gebod leer ken en meen, hoe ernstiger sal ons siel versmag in die gebed om dd. volmaaktheid te bereik!

Maar as ons nou na d. vr. v antw van ons kategismus kyk dan val ons dadelik 2 dinge op: Dat - Hoe - Wat

① Dat die Kategismus begin deur te wys op die noodsaaklikheid van gebed. Geen woord a d begin vertel ons word wat gebed is, watter diep snare dit in d. mens se hart aanraak, watter groot behoeftes dit bevredig: hoe:

net die eis: jy moet bid!

II) Vr. Nog meer eienaardig is dit as ons let op d. Vr. wat sê: Waarom is die gebed vir die Christene nodig? Ons sou nog kon verstaan as d. Kateg. die wêreldling aangespreek het met d. oproep v. d. eis: "Mense julle moet bid! Julle kan nie sonder God lewe nie, julle kan nie sonder Hom sterwe nie! Dus: bid!" Maar dat dit beklemtoon word dat d. Xten moet bid: is dit nou werklik nodig? Dit spreek tog vanself – of hoe? (Asemhaling)

Die tweede feit wat ons opval is dat i.d. 3 vrae en antwoorde v. hd. Sondagsafdeling dit 3 maal beklemtoon word dat d. gebed 'n gebod is: ① God vorder dit van ons as d. vernaamste stuk van d. dankbaarheid (Antw. 116); ② Ons moet die enige ware God aanroep (Antw. 117) ③ God beveel ons om van Hom te bid (Vr. 118).

Vorder – eis – beveel

Nou sal u dadelik sê: „maar dis tog onmoontlik! Die ware gebed is tog nie 'n bevel nie – dis 'n spontane uiting v.d. mens se siel! As 'n mens nie bid uit d. behoefte van jou hart nie is dit beter om glad nie te bid nie!"

Daar is 'n belangrike element v. waarheid in hd. v. sulke argumente: 'n gebed wat uitsluitlik op 'n gebod berus is blote mensewerk, koud, onpersoonlik, huigelagtig, vals // En tog is hd. redenering eensydig en juis d/deur noodlottig. // Want elke godsd. handeling moet twee elemente bevat: gewilligheid en gehoorsaamheid, verlange en verpligting, behoefte v. onderwerping (vb. liefde man v vrou, ouers v kinders, Sabbat).

Om ~~altoos~~ net kerk-toe te gaan, Nagmaal te vier, te bid, te gee as jou hart jou daartoe dring is uit d. duiwel. Wie sy gebedslewe wil vernietig moet luister na d. influisteringe v. Satan wat sê: bid net wanneer jou gebed spontaan uit jou hart opwel. Resultaat? Geen gebed meer! // Die duiwel sal alles doen om ons te verhinder om te bid (vb. Israel in ballingskap verbod te bid – Daniël) Wnt. ons sterkste krag lê in gereelde, aanhoudende, volhardende gebed (vgl. gelykenis Onregv. Regter) Daarom: Voor ons roep saam m.d. diss.: „Here, leer ons bid" moet ons eers roep: „Here, leer ons ~~daartoe~~ dat ons moet bid! ~~van gebed~~!"

Besware: ① Die alwetendheid v. God: God weet alles nog voor ons bid – waarom dan nog vra? Dan nie oorbodig nie?

Klink baie logies – v. tog is daar iets in d. mens se hart wat sê: Ek wil bid! Ek sal bid! Al weet God wat my behoefte is ek wil en moet dit aan Hom vertel (vgl. kind se wense aan vader).

② Die onveranderlikheid v. God: Ja, sê ander mense, maar alles geskied volgens God se onverand. raadsplan v. ewige wilsbeskikking. En as God dan alles vooraf bepaal v. beskik het, is dit dan nie d. opperste vermetelheid van my om iets te vra in d. hoop dat God sy ewige raad wil gaan wysig om my wens uit te voer?

Antw: a) Ek weet niks wat God besluit het nie behalwe dat Hy as deel v. sy wil en plan my beveel het: Bid!

b) Die gebed word deur Gods onverand. raadsbesluite nie opgehef nie, nee juis vereis. In die ewige ketting v. Gods raadsbesluite is gebed 'n onmisbare skakel! (vb. Elia – Agab: Toe God besluit het dat dit nie sou reën nie, ook nie a.d. besluit d. gebed v. Elia opgeneem v. ingesluit!

Dank genoeg besig gehou met vr.: Waarom is die gebed vir die Xtene nodig? Ons kyk na die antw. In die antwd word 2 redes opgegee. Die eerste is:

① „Omdat dit die vernaamste deel v.d. dankbaarheid is wat God van ons vorder". En die tweede rede is:

② „Omdat God sy genade en die Heilige Gees alleen aan diegene wil gee wat Hom met hartlike sugte sonder ophou daarom bid en daarvoor dank"

Ré ①: Hd. antwd wil ons leer dat in en deur die gebed ons ons dankbaarheid teen God d. beste bewys. Dit wil nie sê dat ons dit nie ook deur ons lewe kan doen nie. Inteendeel: die uitlewe van Gods gebod is ook 'n deel v. ons dankbaarheid, mr d. vernaamste deel is die gebed, nie d. gebod nie! Waar d. gebod d. liggaam is, is d. gebed d. siel. Veral as ons daaraan dink dat gebed in d. eerste plek nie bestaan uit vra nie, mr. uit dank!

Ré ②: „Sy genade?" Mr. is dit waar? Gee God Sy genade alleen aan dié wat dit van Hom bid? (Antw: algemene & besondere genade)

⑦ „Sy Heilige Gees"

③ Sonder ophou:

④ „Daarvoor dank":